# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**



JEUG | VADERSDAG

# Koninkrykstyd

**16 JUNIE 2023** | JAARGANG 21

UITGAWE **10**

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

03 Bedieningsbegeleiding | **Lammers en leeus**

## 05 ARTIKELS

05 Bedieningsbegeleiding | **Ons onontbeerlike Ekologie Netwerk**

05 Vennote in Getuienis | **Op besoek aan ons geloofsfamilie in Zambië**

05 Vennote in Getuienis | **Islam verwerp die leer oor die Drie-Eenheid as politeïsme**

05 Ondersteuning | **Die Helpmekaar Beursfonds - *dit kom van ver af***

05 Afrika-Ekumene | **MALAWI: Ons huldig die lewe van ds Michael Khombe**

05 Afrika-Ekumene | **Ons susterskerk in Malawi legitimeer 24 teologiestudente**

## 07 DIS 'N RING-DING

07 Ring-projekte | **Die Ring van Welkom reik uit na behoeftiges en bejaardes**

## 09 MEDIATEEK

09 Boekbekendstelling | **Inventaris**

## 11 EKOLOGIE

11 17 Junie | **Bekamp Woestynvorming en Droogtes**

## 13 AKTUEEL ALGEMEEN

13 Winterhoop 2023

14 Advertensies

## 16 OPLEIDING

## 18 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 19 KALENDER

## 20 BETREKKINGS

## 21 VERJAARSDAE

## 23 'N LAASTE GEDAGTE

## 24 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Ds Francois Lamprecht
Mariëtte Odendaal
Dr Enrico Casaleggio
VrydagNuus, Kaapkerk
Ds Charné Viljoen
Bybelmedia
Kerkbode

## LOER, LEES EN LEER

saam met ons in hierdie uitgawe en laat weet ons asseblief wat jy dink!

## DAGBOEK DÍT

Die - Som + Van x Alles =
**KOMMUNIKASIE**

'n **GRATIS aanlyn kursus** via Zoom vanaf **19:00 - 21:00 op Dinsdae 4, 11 en 18 Julie**. Jy wil dit nie misloop nie!

## VOLGENDE VRYPOS

Vrypos is met vakansie. Die volgende Vrypos-uitgawe verskyn op **Vrydag 21 Julie 2023**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


### BYDRAES EN NAVRAE
cmclean@ngkvs.co.za

## CELICIA MCLEAN


ngkerkvrystaat.co.za



JONK

## VRYPOS-FOKUS

# Lammers EN LEEUS

DEUR DS FRANCOIS LAMPRECHT

**"Die ironie is dat dit natuurlik baie meer krag vra om 'n lam te wees as 'n leeu in 'n wrede wêreld."**

Die leeu is meermale in die Bybel 'n baie negatiewe beeld. Terwyl baie kerke en sprekers hulle volgelinge aanmoedig om leeus te wees soos die "Leeu van Juda" is dit glad nie 'n beeld wat God gereeld vir Homself gebruik nie. Selfs die een plek waar daar na Jesus verwys word as die "Leeu van Juda" is dit net in naam, want selfs daar is Sy beeld nie 'n leeu nie, maar 'n lam.

*"Die Lam wat geslag is".*

*"Die Offerlam".*

*"Die Lam wat Homself gegee het aan 'n ondankbare wêreld".*

*"Die Lam wie se keel afgesny is deur 'n wrede en onregverdige wêreld".*



*Foto verskaf: Ds Francois Lamprecht*
*Sameroeper van JONK Netwerk*

### Wat het dit met my kinders te doen?

Ek moet hulle grootmaak in hierdie einste wêreld wat nie eens die Lam gespaar het nie. G'n wonder dit is so 'n populêre idee om "leeus" te wees nie ... dit is wat die wêreld nog altyd wou wees. Maar ek het 'n God wat my wys hoe om die lam te wees. Hoe om nederig en sagmoedig te wees, hoe om te vergewe en op te bou.

Die ironie is dat dit natuurlik baie meer krag vra om 'n lam te wees as 'n leeu in 'n wrede wêreld. Dis maklik om 'n leeu te wees, want dit vra nie opoffering nie – almal wil dit doen. Die Lam vra om soms onreg te dra en 'n sagte stem te gebruik wanneer ander skree. Om te staan vir die waarheid, selfs al beteken dit dat die leuens oor jou gaan loop.

Om 'n lam te wees beteken nie dat ek die wêreld gaan regruk en geregtigheid gaan bring vir almal nie. Dit beteken soms dat ek seer harte gaan opbind en vir ander gaan wys dat daar 'n beter manier is om dinge te doen. Ek wil graag hê dat my kinders nie seerkry nie, maar ek wil ook graag hê dat hulle daardie tipe krag in hul binneste moet hê. Die heilige, Goddelike krag om met liefde, vreugde, vrede en hoop te kan lewe in hierdie stukkende wêreld.

### Hoe doen ek dit?

Hoe kan ek hulle so sterk maak? Nie deur hulle te leer kla en skree oor alles wat verkeerd loop nie. Nie deur hulle te leer onvergenoegd te wees met wat hulle het nie. Nie deur hulle te wys dat ons almal moet haat wat ons bedreig nie. Dit gaan ook nie help om hulle bang te probeer praat vir die onsekerheid van môre nie en nog minder om hulle te probeer beskerm teen al die slegte invloede wat moontlik hulle pad kan kruis.

As ek wil hê dat my kinders die krag en standvastigheid van die Lam moet hê, moet ek hulle wys dat ek Hom vertrou met my eie lewe, werk en toekoms. Ek moet hulle wys hoe ek sagter woorde kies eerder as kwaai woorde, want ek weet die Lam vra dit van my.

Ek moet hulle wys dat my lewe hier op aarde nie so belangrik is soos my gehoorsaamheid aan die Lam nie. As ek dit kan doen, sal my kinders weet dat die Lam hulle vaste punt in 'n onseker wêreld is. As ek dit nie self kan doen nie, sal al my gepreek en baklei en reëls nie help nie. As ek dit nie self leef nie, sal al die kategese van die kerk en al die godsdiens wat party so veg om in die skole te hou nie red nie.

Lees meer »


LIGapp

Kategese vir die volgende generasies

# LigApp Kategese

is relevante, Bybelse kategese vir jongmense.

**Maak vandag 'n verskil aan die geloofsreis van jong gelowiges!**




Artikel Kerkbode

**Loer hier**

YouTube video

## SKRYF NOU IN

# FOKUS OP **GELOOFSVORMING** met **LigApp Kategese**

LAAI HIER AF >

Om aan te sluit of vir meer inligting **kontak LigApp by francois@ligapp.co.za**

# ARTIKELS

## UIT DIE SINODE | AFRIKA-EKUMENE

BEDIENINGSBEGELEIDING

Netwerke

### Ons onontbeerlike Ekologie Netwerk

*Mariëtte Odendaal*



**Lees hier**

VENNOTE IN GETUIENIS

Afrika-Ekumene

### Op besoek aan ons geloofsfamilie in Zambië

*Mariëtte Odendaal*



**Lees hier**

VENNOTE IN GETUIENIS

Werkgroep vir Islam

### Islam verwerp die leer oor die Drie-Eenheid as politeïsme

*Dr Enrico Casaleggio, Vennote in Getuienis*



**Lees hier**

ONDERSTEUNING

Uitreik-aksie

### Die Helpmekaar Beursfonds - *dit kom van ver af*

*Mariëtte Odendaal*





**Lees hier**

AFRIKA-EKUMENE

Afrika-Ekumene

### MALAWI: Ons huldig die lewe van ds Michael Khombe

*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*



**Lees hier**

AFRIKA-EKUMENE

Afrika-Ekumene

### Ons susterskerk in Malawi legitimeer 24 teologiestudente

*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*



**Lees hier**

# **GRATIS** AANLYN KURSUS

## Die - Som + Van x Alles =

# KOMMUNIKASIE

**4 | 11 | 18 JULIE 19:00 - 21:00**



**ALITA VAN ZYL**
*Veranderings- en kommunikasiespesialis en lewensafrigter*
SPREKER



**SUNET MEYER**
*Verhoudingsafrigter*
SPREKER



**COBUS VISSER**
*Motiveringspreker*
SPREKER



**PG PARADIGM**
*Internasionale motiveringspreker, skrywer, lewensafrigter en berader*
SPREKER

**+ REGISTREER HIER**

**+ PROGRAM**

**NAVRAE** | CELICIA MCLEAN
cmclean@ngkvs.co.za

NG Kerk Vrystaat | THE SUCCESS CARTEL | ALITA VAN ZYL | PG PARADIGM | COBUS VISSER

# RINGE

*In samewerking met* ***Sinodale Bedieninge***




*Deur* ***Mariëtte Odendaal***

# Ring van Welkom
## reik uit na behoeftiges en bejaardes

*"Dit sal vir seker 'n aanwins vir ons NG Kerk in die Vrystaat wees as ons in die toekoms weer op hierdie manier vanaf sinodale kant ondersteun kan word; dit gee 'n belangrike hupstoot aan projekte wat vir elke gemeente, en dus ook die gemeenskap waarbinne hulle funksioneer, tot groot seën is."*
***- Ds Gerhard Wessels***

Die NG Kerk Vrystaat het in die 2022/23-boekjaar 'n bedrag van R30 000 beskikbaar gestel aan elkeen van ons ringe met die doel om gesamentlike ring-projekte te ondersteun. Die versoek was dat diens in samewerking met 'n sinodale bediening gelewer moes word.

"Wat die Ring van Welkom betref, is daar by die sinodale bediening, Diens van Barmhartigheid, ingeskakel," vertel ds Gerhard Wessels, ringskriba van die Ring van Welkom.

### Vertel ons meer van jul ring-projek

"Die Ring van Welkom het die bedrag wat vanaf die sinode aan die ring beskikbaar gestel is tussen ons sewe gemeentes verdeel," vertel Wessels. "Elke gemeente het die geleentheid gehad om die geld aan te wend na gelang van hul eie nood en behoeftes. Die meeste van ons gemeentes het hierdie fondse aangewend ten bate van noodverligting aan behoeftige gesinne."

Wessels vertel verder: "Twee van die gemeentes het ook deur middel van uitreik-inisiatiewe op ander terreine 'n verskil in mense se lewens gemaak. Hierdie inisiatiewe was uitreike na bejaardes, karwagte en petroljoggies.

Lees meer »

SATERDAG 1 JULIE | PHILIPPOLIS

# STIL WORD

## GRATIS DAGRETREAT VIR VROUE

"Word stil en luister om God se stem te kan hoor – hoe onderskei ek God se stem te midde van die gewoel en geraas van die lewe?"

© 2023 | NG Kerk Vrystaat

**09:30 VIR 10:00 TOT 15:00**

**KONFERENSIELOKAAL | GEMEENTE-SENTRUM NG KERK PHILIPPOLIS**

**Magdaleen du Toit**, spirituele begeleier en sameroeper van die Spiritualiteit Netwerk van die NG Kerk Vrystaat, is die aanbieder. **Toegang is gratis**, maar bring asseblief 'n bordjie met vinger-eetgoed wat ons kan deel vir 'n ligte middagete.

ALMAL WELKOM

**BESPREKINGS | Magdaleen by 083 226 9732 voor Woensdag 28 Junie 2023**

# MEDIATEEK

MOET DIT NIE MISLOOP NIE




## MEDIATEEK | **INVENTARIS**

Loer gerus na die **Mediateek** van die NG Kerk Vrystaat, Sinodale Kantoor se volledige inventaris hieronder.

Navrae | **Anelia van den Blink (051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**.

**Loer hier**

# Kerkargief
## KONFERENSIE

**DIE KERKARGIEF VAN DIE NG KERK VRYSTAAT IN BLOEMFONTEIN NOOI ALLE**

***belangstellendes, kerkhistorici, navorsers, leraars en teologie-studente uit na 'n oggendseminaar oor enkele van die mees historiese dokumente in die verhaal van ons kerkfamilie in Suider-Afrika.***

## PROGRAM

**09:00** | Opening en verwelkoming

**09:15** | **Uit die Kaap: "Eerste Dokumente"**
"Die begin. God en religie in die fort van Goede Hoop" - prof RM Britz (Boekbekendstelling)
"Die ander oudste dokument van die Kaapse Kerk: Die Diakonaat" - prof EA de Boer


**10:30** | **Uit die Vrystaat: "Eerste Dokumente"**
"'Een moeder aan wie wij gedronken hebben.' Die NG Zendingskerk in die Vrystaat se eerste notule, 1910" - ds Jan Lubbe
"'Magwero/Oorspronge.' Die eerste na-oorlogse Notule van die Buitelandse Sending-kommissie vir Zambië, 27 November 1902" - dr Jurie van Wyk

**11:30** | Koffie/tee en verversings

**12:00** | **Oor die Vrystaat: "Laaste Dokumente" van Karel Schoeman**
"Verkenning en 'n Ander Land: Verinheemste gelowigheid" - prof Johann Rossouw
"Huiwerend oor leegtes. Schoeman as Sendinggeskiedskrywer" - dr Gideon van der Watt
"Slotgedagtes" - dr Francois Smith

**13:00** | 'n Dankwoord namens die Colloquium Historiae Ecclesiasticae

**Hierna word 'n gesellige middagete aangebied gevolg deur 'n begeleide besoek aan die biblioteek van die Oorlogsmuseum en gepaardgaande uitstallings.**




5 VBO -punte

**EERSTE DOKUMENTE**
**LAASTE DOKUMENTE**

PROFF ERIK DE BOER | DOLF BRITZ
JOHANN ROSSOUW | LINDI KOORTS
DRS JURIE VAN WYK | GIDEON VAN DER WATT
FRANCOIS SMITH | DS JAN LUBBE

## WOENSDAG 23 AUGUSTUS 2023

**OUDITORIUM VAN DIE OORLOGSMUSEUM IN BLOEMFONTEIN**

552142 *KOSTE* **PER PERSOON** **R250** 552142

Registrasies
**Helena Smit | 051 406 6725 | argief@ngkvs.co.za**
Navrae
**Ds Jan Lubbe | 082 784 9362 | janlubbe1964@gmail.com**

**"Die verlede is 'n ander land:
Waar is die pad wat daarheen voer? ...
Die verlede is 'n ander land,
onbereikbaar in sy verte,
en wat daaruit herwin kan word,
wat daaruit behou kan word,
dra jy met jou saam."**

KAREL SCHOEMAN,
"UUR VAN DIE ENGEL."

2 0 2 3

© 2023 | NG Kerk Vrystaat




## BEKAMP **WOESTYNVORMING EN DROOGTES**

***Oorgeneem** | VrydagNuus Kaapkerk, 16 Junie 2023*
**Copyright © United Nations**

Op 17 Junie vier ons die Wêrelddag vir die Bekamping van Woestynvorming en Droogtes. Droogtes is van die grootste bedreigings vir volhoubare ontwikkeling, veral in ontwikkelende lande, maar in toenemende mate ook in ontwikkelde lande. Die aantal droogtes en die duur daarvan het sedert 2000 met 29% toegeneem. Wanneer meer as 2,3 miljard mense reeds waterstres ondervind, is dit 'n groot probleem. Vroue het 'n belangrike aandeel in die gesondheid van 'n land, maar hulle het dikwels nie beheer daaroor nie. In alle wêrelddele staar vroue beduidende struikelblokke in die gesig om grondregte te verseker, wat hul vermoë om te floreer, beperk. In baie streke bly hulle onderworpe aan diskriminerende wette en praktyke wat hul reg om te erf en hul toegang tot dienste en hulpbronne, belemmer. Vanjaar beklemtoon die Wêrelddag vir die Bekamping van Woestynvorming en Droogte die tema, Haar land. Haar regte. Dit leer ons dat die belegging in vroue se gelyke toegang tot grond en gepaardgaande bates 'n direkte belegging in hul toekoms en die toekoms van die mensdom is.

---

"**HER LAND.** HER RIGHTS."

United Nations

Loer hier

# Jeugdag

## 16 JUNIE






**Persverklaring »**

**Lees hier »**

**WINTER HOPE • HOOP** is 'n nasionale inisiatief wat die afgelope paar jaar deur MES, PEN, His Hands en Torings van Hoop gedryf word in die maand van Junie om hoop te bring aan hulle wat op straat probeer oorleef. Warm klere, komberse en kos maak in die winterkoue die wêreld se verskil aan hulle wat daagliks aan die elemente blootgestel is. Vanjaar het Torings van Hoop besluit om nie net op Bloemfontein te fokus nie, maar om wyer te kyk na die nood van haweloses en armes in die groter Vrystaat. Daar is alreeds 'n klompie aflaaipunte geïdentifiseer in dorpe soos Bethlehem, Viljoenskroon, Sasolburg, Bethlehem, Ficksburg, Ladybrand, Kroonstad, Welkom en Edenburg, met nog plekke wat op die punt is om deel van hierdie grootse beweging te word. Die plan is om dit wat op 'n bepaalde dorp en in 'n bepaalde streek geskenk word, juis daar aan te wend. Kerke en ander organisasies is besig om aan boord te kom om hierdie winter regoor die Vrystaat na haweloses en armes uit te reik. Kom raak deel van wat die Here besig is om vanjaar te doen. Kom gee Hoop. Kom gee Warmte.

**Indien jy belangstel om op enige manier betrokke te raak, kontak ds De la Harpe le Roux by dlh@towersofhope.org**







Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier





Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier


DIE
GENERASIE
bagasie
ERVARING
4 - 6 AUGUSTUS 2023
BESPREEK HIER
R600 PER PERSOON | *VERBLYF UITGESLUIT
VIND WEER DIE MENSWEES
IN JOU MANWEES
SAAM MET
WENTZEL COETZER
Clarens
HERMITAGE
NG Kerk
Vrystaat

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE

Excelsus
SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

## NUUT Lentekonferensie 2023

VBO FORUM

**19 - 21 September 2023** | Die jaarlikse Lentekonferensie: *"As it is in Heaven.* Kerkwees, die hier en nou." Dagboek hierdie datum, meer inligting volg binnekort.

Loer hier +

## Pastorale Beradingskursus

VBO FORUM

**20 Junie 2023** | 'n Aanlyn (Zoom) Pastorale Beradingskursus deur prof Wentzel Coetzer met die titel: Mede-afhanklikheid en emosionele gebrokenheid.
Navrae @ 083 660 0409 / e-pos: wentzelc@gmail.com

Lees meer + Registreer +

## Prediking van die Ou Testament

VBO FORUM

**20-21 Junie 2023** | 'n Uitnodiging na twee oggend-seminare saam met die teoloog, prof Dennis Olson, oor die prediking van die Ou Testament.

Lees meer + Registreer +

## Brugbediening 2023

VBO FORUM

WEEK 1: **31 Julie - 4 Augustus 2023** | WEEK 2: **30 Oktober - 4 November 2023**
Opleiding van brugpredikante tydens predikantsverwisseling, deur prof Malan Nel.

Lees meer +

# IN PAS

*met die lewende God*

Ritmes en gewoontes vir roepingsgetroue gemeentes

## DAGBOEK DIE DATUM

21—23 Augustus 2023

## Oefenkamp vir leraars en gemeenteleiers

eMseni konferensiesentrum

Koste: R2600 pp

Bespreek by Ester Steyn: esters@ngkerk.org.za

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

## NUWE PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE



Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om 'n verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

E-pos: helene@bmedia.co.za

Bybel-Media

**Publikasie**
*Reframing*

**Loer hier**

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

Bybel-Media

**Publikasie**
*Floreer*

**Loer hier**

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

Bybel-Media

**Publikasie**
*Kies die lewe*

**Loer hier**

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

ELDERS GESIEN
**Be a Nelson-beweging: Só kan kerke jong potensiaal in townships help ontsluit**
*Oorgeneem uit Kerkbode / Nuus*
*12 Junie 2023*

**NG Kerk betreur die afsterwe van Agnes Abuom**
*Oorgeneem uit Kerkbode / Nuus*
*7 Junie 2023*

ELDERS GELEES
**Namibiese leiers oor implikasie van uitspraak oor selfdegeslaghuwelike**
*Oorgeneem uit Kerkbode / Nuus*
*5 Junie 2023*

**Ook hoop vir eenheid met VGK groei waar kerkgebou uit puin herrys na brand se verwoesting**
*Oorgeneem uit Kerkbode / Nuus*
*5 Junie 2023*

# KALENDER

Stuur alle kalender-gebeure aan **cmclean@ngkvs.co.za**

nuut

## HUGENOOT

*ME, GOD AND THE BIBLE*

**SPELETJIES, BYBELPROGRAM**

Toegang: R20.00 per kind
3-5 Julie 2023 | 09:00 - 12:00

| **03** | **07** | **23** |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

nuut

## FICHARDTPARK

SUIDE SE KERKBASAAR

**GROOTSTE IN BLOEMFONTEIN**

*"Mense wat van kos hou, is altyd goeie mense"*
Altonapark, Fichardtpark | 12:00-20:00

| **28** | **07** | **23** |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

nuut

## FICHARDTKRUIN

PRETORIA MANNEKOOR

**ALMAL WELKOM**

Toegang is GRATIS | Donasies word gevra
NG Gemeente Fichardtpark | 09:00 (Erediens)

| **30** | **07** | **23** |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

nuut

## HUGENOOT

KERMIS

**KOM EET EN KUIER SAAM**

Jaarlikse Koorfees | Allerhande lekkernye
Picardystraat 2, Bayswater | 08:00

| **05** | **08** | **23** |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

NG Kerk Vrystaat

Loer gerus op die **webblad se kalender** vir alle belangrike datums en gemeentegebeure

# BETREKKINGS

## VAKATURES

NG GEMEENTE
**ODENDAALSRUS-OOS**
LERAARSPOS
Sluit: **30 Junie 2023**

NG GEMEENTE
**ODENDAALSRUS-OOS**
ORRELIS
Sluit: **30 Junie 2023**

NG GEMEENTE
**BETHLEHEM-ÉFRATA**
MEDELERAAR
Sluit: **31 Julie 2023**

NUUT
NG GEMEENTE
**HENNENMAN**
*OORGENEEM UIT KERKBODE*
LERAARSPOS
Sluit: **15 Augustus 2023**

NUUT
NG KERK WELGEMOED
NG GEMEENTE
**WELGEMOED**
**BELLVILLE**
GEMEENTELERAAR
Sluit: **21 Junie 2023**

NUUT
KAAPKERK
BELLVILLE
**KAAPKERK**
MULTI-MEDIA INHOUDSKEPPER
Sluit: **Onbekend**

**Kerkbode**
**VIR MEER INLIGTING** | woes@mweb.co.za / 023 342 6030

**Afloslераars**
**VIR MEER INLIGTING** | daf@ngkvs.co.za / (051) 406 6700

# VERJAARSDAE

## JUNIE »

**17** Dr Suzanne van der Merwe
**KROONSTAD-NOORD**

**18** Ds Hansie Swart
**FAUNA**

**19** Ds De la Harpe le Roux
**SINODALE KERKKANTOOR**

**21** Ds Rikus Botha
**UNIVERSITAS/VERKEERDEVLEI**

**26** Ds Victor Cloete
**HOOPSTAD**

**28** Ds Stefan Conradie
**ARLINGTON/LINDLEY**

**30** Ds Carlie Schiel
**DENEYSVILLE**

**30** Mev Carlie Niehaus
**SINODALE KANTOOR**




## JULIE »

**04** Ds Riaan van Zyl
**BETHLEHEM-WES**

**06** Ds André Smit
**BULTFONTEIN**

**11** Ds Riaan Stander
**LANGENHOVENPARK**

**13** Ds Christo Nel
**RIEBEECKSTAD**

**14** Ds Peet Louw
**RIEBEECKSTAD-ERFDEEL**

# WAT IS 'N PA?

## VADERSDAG

'n Pa staan vroeg, vroeg op,
sy liefde hou nooit ooit op.

'n Pa luister stil, stil na sy kleintjies lag,
in die aand soen hy sy kinders se koppies sag.

'n Pa verdien sy brood met sweet,
offer meer as wat iemand ooit weet.

'n Pa sal sy kinders van God se liefde leer,
hy sal sy lewe vir hulle in stukke skeur.

'n Pa sal altyd nuwe geleenthede bekyk,
in die nag sal hy die monsters beswyk.

'n Pa is sterkte in die stormwind,
in jou twyfel sal jy by hom antwoorde vind.

'n Pa se luister is sag en sy woorde min,
maar by hom kan jy oor die lewe besin.

'n Pa sal werk tot sy rug wil breek,
hy sal sy familie nooit in die skande steek.

'n Pa sal sy mense op sy hande dra,
hy sal sy vrese geheim hou selfs as iemand vra.

'n Pa is vir ewig daar,
in die agtergrond sal jy hom soms stil gewaar.

'n Pa sal sy knieë in die aand deurbid,
dat hy kos op sy gesin se tafel kan sit.

'n Pa sal sy liggaam vir sy mense offer,
vir hulle geluk sal hy selfs op die pad lewe uit 'n koffer.

'n Pa se liefde ken geen menslike perke,
hy is die wind onder sy kinders se vlerke.



**#mahetgepraat**

**Jeug- en Vadersdag**

**Ds Charné Viljoen** | Jeugleraar van NG Gemeente Pellissier

# Vader se *liefde*

**Hoe mooi en ironies is dit dat Jeugdag en Vadersdag so oor dieselfde naweek hierdie jaar val.**

Wanneer ek dink aan die jeug in ons land, kan ek nie anders as om ook aan hul ouers te dink nie – ons ouers vorm tog tot 'n groot mate wie ons is en hoe ons oor die lewe dink. Ek begin dus by Vadersdag, hoewel Jeugdag voor Vadersdag plaasvind.

Ek sien deesdae op sosiale media 'n sterk beweging dat mans hul rol as pa's moet inneem en hulle kinders, veral hul seuns, moet leer wat dit beteken om sterk en braaf te wees. Gelukkig is ons nie vandag besig met 'n debat oor jou siening hieroor en wat die uitdagings hiervoor is nie. Wat my opgeval het in een van die video's wat dit tot my sosiale media se blad gemaak het, is dat 'n persoon gesê het dat die meeste mans, pa's kan wees, maar dat dit 'n besonderse man vat om 'n vader te wees.Ons sien dit ook raak in ons samelewing. Baie mans kan 'n biologiese pa vir 'n kind wees, maar almal neem nie die vaderlike rol in hul kind se lewe in nie. Ons sien baie kinders wat 'n vaderfiguur in hul lewe nodig het, hoewel pa elke middag tuis kom. Volgens 'n studie deur die Universiteit van Johannesburg is tot 50% van die Suid-Afrikaanse jeug "vaderloos". Dit beteken dat die pa's nie 'n verteenwoordigende rol in 'n huishouding vertolk nie, weens verskeie redes. Tot 50% en ek wil waag om te sê dat dit meer is, van die jeug in ons land het 'n tekort aan vaderfigure in hul lewe.

Ons is dankbaar vir onderwysers en oom's wat die rol van 'n vader in ons jeug se lewens inneem. Dankie aan elke man wat nie 'n biologiese pa is nie, maar 'n vaderfiguur vir ons jeug is. Dankie aan die biologiese pa's wat vaderskap ernstig opneem en vir sy eie kind/ers 'n voorbeeld van die Vader se liefde is. Mag die Vader die mans in Suid-Afrika lei en transformeer deur die Gees om 'n Vaderskap rol in te neem – in ons eie gesinne en ook vir die jeug van ons land. Jy hoef nie vir 'n kind te leer om "hard en sterk" te wees nie. Ons kinders het die liefde van die Vader nodig – Hy sal doen wat nodig is.

**Lees meer** »



Foto: **Ds Charné Viljoen**

# KONTAK ONS

REDAKSIE


**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321


Nuusgebeure | Bydraes | Inligting
voor 12:00 Dinsdae na
cmclean@ngkvs.co.za



# Samestellers


Celicia McLean (Redaksioneel)
**cmclean@ngkvs.co.za**

Carlie Niehaus
**carlie@ngkvs.co.za**

**skakel@ngkvs.co.za**


**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg | Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

@NGKERKVRYSTAATAMP • NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Teken in op **VRYPOS** | Kanselleer **VRYPOS**

© 2023 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG KERK VRYSTAAT | © **2023**
Departement Kommunikasie en Bemarking